Brief aan alle lidmate van die NG Gemeente Jeffreysbaai

Van Komatie, David, Janida, Nardus, Hessie, Jasper, Ben, Sas, Johan en Jan.

Aan die gemeente van Jeffreysbaai, wat aan God die Vader en die Here Jesus Christus behoort.

Genade en vrede vir julle!

Ons begin ons skrywe na analogie van Paulus se eerste brief aan die gemeente in Tessalonika (1 Tess 1:1), omdat ons baie van die emosies wat Paulus op daardie stadium beleef het, vandag ook in ons eie bediening beleef. Covid-19 het veroorsaak dat ons totaal nuut moes begin dink oor baie dinge. Een van die ergste struikelblokke is dat ons mekaar nie meer van aangesig tot aangesig kan ontmoet en groet nie. Iets wat Paulus ook beleef het as hy in 1 Tess 2:17vv skryf: *"Wat ons betref, broers, toe ons nog maar 'n kort rukkie van julle geskei was – wel uit die oog, maar nie uit die hart nie – het ons so baie na julle verlang dat ons alles in ons vermoë gedoen het om julle weer te sien."*

En dan noem Paulus 'n feit waarmee ons onsself heeltemal kan vereenselwig: *"Wie anders tog as julle is ons hoop en ons blydskap, die kroon op ons werk waarop ons trots sal wees wanneer ons met sy wederkoms voor die Here Jesus sal verskyn? Júlle is immers ons trots en ons blydskap!* " (!Tess 2:19-20)

Elkeen van julle is vir ons baie belangrik. Julle is ons "trots" en ons "blydskap", daarom is dit lekker om in julle vreugdes te deel, en is dit seer om van julle swaarkry te hoor. Juis omdat ons vir elkeen van julle omgee, wil ons julle deur hierdie skrywe ernstig versoek om baie versigtig te lewe. Die verspreiding van die Covid-19 virus is tans besig om geweldig vinnig toe te neem.

Dit is egter nie nou die tyd om vreesbevange en wanhopig te raak nie, ons glo die Here is steeds elke dag saam met ons, maar soos Paulus die gemeente in Tessalonika aangemoedig het tot volharding in hulle toewyding en onderlinge liefde, moet ons julle ook aanmoedig om besonder waaksaam te wees in hierdie komende tye.

Kom asseblief alle voorsorgmaatreëls getrou na en probeer om nie onnodig uit die huis uit te gaan nie.

- Doen net noodsaaklike aankope en vermy plekke waar ander mense gereeld saamkom.
- Kontak julle bure gereeld per telefoon of WhatsApp om te hoor of hulle dalk iets benodig.

- Behou kontak met julle wyksleier of omgeegroep-leier.
- Tree asseblief in gebed in vir hulle wat daagliks ons moet probeer beskerm teen die virus en
- Bid vir hulle wat eensaam, kwesbaar, siek, honger of in nood is.

Mag God ons Vader self en ons Here Jesus ons pad na julle toe oopmaak! En mag die Here julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak, net soos ons liefde vir julle. So sal Hy julle innerlik sterk maak dat julle onberispelik en heilig voor God ons Vader sal staan wanneer ons Here Jesus kom saam met al sy heilige engele. Amen. (1Tess 3:11-13)